KOMMISSARISSTRAAT 64 • 64 KOMMISSARIS STREET WELGEMOED 7530 • T 021 913 2400 • admin@welgemoedpp.co.za

**TOELATINGSBELEID**

Welgemoed Preprimêre Skool is ‘n onafhanklike skool en volg ‘n twee-stap toelatingsproses: aansoek en toelating.

Aansoeke word op rekord gehou volgens die datum van die aansoekvorm.

Vir toelatings word die volgende dokumente vereis:

- R1500 Bydrae tot ontwikkelingsfonds
- Toestemming en vrywaringsvorm
- Geboortesertifikaat
- Immunisasiekaart
- Bevestiging van bywoning en taalvoorkeur
- Bewys van adres
- Getekende toelatingsbeleid (hierdie dokument)

**LOGISTIEKE FASILITEITE VAN DIE SKOOL**

- Die skool kan ‘n maksimum van 170 leerders in die skool akkommodeer:
    - 2 Pre-Graad R klasse met 25 leerders per klas
    - 4 Graad R klasse met 30 leerders per klas
- Klasgroottes: Welgemoed Preprimêre Skool bied kwaliteit onderwys onder optimale omstandighede aan. Daar is 2 volwassenes per klas: ‘n Gekwalifiseerde opvoeder met ‘n minimum kwalifikasie van ‘n B.Ed. Grondslagfase graad, sowel as ‘n klasassistent.
- Die aantal aangewese, geskikte klaskamers en ruimte om meubels en toerusting te akkommodeer.
- Die voldoende voorsiening van toiletgeriewe.

**Pre-Graad R:**

- Leerders word slegs in Pre-Graad R toegelaat in die jaar wat hulle 5 word.
- **Geen** leerders van buite areas word aanvaar vir Pre-Graad R nie, aangesien ons net 50 leerders kan akkommodeer.
- Aansoeke word volgens die 'first come, first served' beginsel georden. Die datum en tyd waarop 'n aansoekvorm deur Welgemoed Preprimêr Skool ontvang is, word aangeteken en leerders word daarvolgens toegelaat. Indien meer aansoeke ontvang word as wat ons kan akkommodeer, word leerders op 'n waglys geplaas.
- Leerders wat Pre-Graad R by Welgemoed Preprimêre Skool bywoon, word outomaties toegelaat tot Graad R en hoef nie weer aansoek te doen nie.
- Leerders van buite areas, wat na die voederarea verhuis, se aansoek word oorgeplaas na die voederarea lys op datum van oorspronklike aansoek.

**Graad R:**

- Leerders word slegs in Graad R toegelaat in die jaar wat hulle 6 word.
- Aansoeke word in twee groepe verdeel, nl. binne- en buite area. Leerders woonagtig binne die voederarea word geakkommodeer voor leerders van buite areas.
- Die skool se voederareas is Welgemoed, Loevenstein, Hoheizen, Tygerbergheuwels, Proteavallei, Door-de-Kraal, Oude Westhof, Kanonberg, Welgedacht en Van Riebeekshof.
- **Aansoeke van voederarea leerders** word volgens die 'first come, first served' beginsel georden. Die datum en tyd waarop 'n aansoekvorm deur Welgemoed Preprimêr Skool ontvang is word aangeteken en leerders word daarvolgens toegelaat.
- **Leerders van buite areas** word op 'n waglys geplaas en word eers geakkommodeer nadat al die voederarea leerders geakkommodeer is.
- Leerders op die buite area waglys wat na die voeder area verhuis, se aansoek word oorgeplaas na die voeder area lys op datum van oorspronklike aansoek.
- Leerders op die waglys word geakkommodeer indien daar kansellasies is, of as ouers van toegelate leerders versuim om sperdatums te eerbiedig.

Aansoeke vir 'n gegewe skooljaar word verwerk in die voorafgaande Maart/April. Ouers sal per epos in kennis gestel word van toelating, vereistes en sperdatums. Toelating is slegs verseker wanneer daar voor die sperdatum aan die finale vereistes voldoen word.

**Op instruksie van die beheerliggaam het Welgemoed Preprimêr Skool se personeel geen diskresie om enige uitsonderings op hierdie beleid te maak nie.**

**KLASINDELINGSBELEID**

Pre-Graad R klasse: (MAKSIMUM 25 LEERDERS PER KLAS)

- 1 x Afrikaans (Sterretjieklas)
- 1 x Dubbel medium (Bytjieklas / Bee class)

Graad R klasse: (MAKSIMUM 30 LEERDERS PER KLAS)

- 2 x Afrikaans (Dinosourusklas & Speelgoedlandklas)
- 1 x Engels (Elephant class)
- 1 x Dubbel medium (Plantjieklas / Plant class)

Taalvoorkeur word op dieselfde wyse as toelating hanteer: die posisie op die aansoekranglys bepaal waar ‘n leerder ingedeel word. Leerders wie se taalvoorkeur nie geakkommodeer kan word nie, word die opsie gegun om ‘n ander klas by te woon. Indien die alternatiewe taalopsie(s) nie aanvaarbaar is nie, word toelating gekanselleer en die plek aan die volgende leerder op die waglys toegeken.

**Hierdie besluite is finaal. Ongelukkig kan geen versoeke vir spesifieke opvoeders, of vir maatjies om bymekaar te bly, geakkommodeer word nie.**

**TAALBELEID**

Die skool is tans ‘n parallel medium instelling (Afrikaans / Engels) en beskik dus oor menslike hulpbronne wat slegs voorsiening maak vir daardie leerders wie se moedertaal of gekose onderrigtaal Afrikaans of Engels is.

'n Buitelandse burger wie se huistaal nie Engels of Afrikaans is nie, mag vereis word om enige toelatingstoetse te ondergaan nie. Waar so 'n aansoeker nie 'n voldoende beheersing van die Engels of Afrikaanse taal toon nie, kan hulle toegang geweier word. Hulle moet voldoen aan al die ander vereistes wat deur die Departement van Binnelandse Sake uiteengesit word.

**FINANSIËLE BELEID**

- Indien daar ‘n uitstaande balans op u rekening is ten opsigte van ‘n vorige leerder by ons skool, sal die rekening sowel as regskostes vereffen moet word, voordat ‘n nuwe leerder se toelating oorweeg word.
- Ouers moet instem om die verpligte skoolgeld te betaal soos deur die beheerliggaam bepaal. Beide ouers/voogde moet hul ooreenkoms aandui deur hierdie toelatingsdokument en die finansiële dokument wat later uitgestuur word, te onderteken. In die geval van geskeide/vervreemde ouers/voogde, is dit die verantwoordelikheid van die ouers/voogde wat by die skool aansoek doen, om getekende afskrifte van dokumente van geskeide/vervreemde ouers/voogde te bekom.
- Ons bring dit onder u aandag dat Welgemoed Preprimêre Skool ‘n ONAFHANKLIKE skool is en daarom onder geen verpligting is om vrystelling van skool- of nasorgfooie toe te staan nie.

**BESLUITNEMINGSGESAG**

Finale toelating van die aansoeker tot die skool word bepaal op grond van die kriteria soos hierin uiteengesit, na goeddunke van die skoolhoof en die beheerliggaam.

**REGTE EN VERPLIGTINGE VAN OUERS**

- Maak seker dat die leerders daagliks, betyds en vir die hele skooldag skool bywoon, tensy daar 'n geldige rede is.
- Maak seker dat leerders betyds **na** skool, buitemuurse aktiwiteite, nasorg en ander skoolgeleenthede, opgelaai word.
- Stel die skool in kennis indien 'n leerder afwesig is of na verwagting afwesig sal wees of laat sal wees vir skool.
- Maak seker dat leerders by die skool se gedragskode hou.
- Rapporteer enige risiko's of bedreiging vir die veiligheid van leerders aan die skoolhoof.
- Werk saam met die skool om onvanpaste gedrag van leerders op te los.
- Stel die skool in kennis van besonderhede van enige aanmeldbare siektes waaraan die leerder ly of kan ly.

**SLUITING**

Die beheerliggaam en/of die skool behou die reg voor om hierdie dokument te eniger tyd te wysig, mits die veranderinge binne die bestek van die oorspronklike dokument bly.

Naam van leerder: ____________________________________________________________

Ouerinligting: VOLLE NAME EN VAN:

Ouer 1 / Voog: ___________________________ Handtekening: ________________________

Selfoonnr: _______________________________ Epos: _______________________________

Ouer 2 / Voog: ___________________________ Handtekening: ________________________

Selfoonnr: _______________________________ Epos: _______________________________

Onderteken op die ______ dag van _________________ 2026.

**Me. A.L Verwey**
**SKOOLHOOF: Welgemoed Preprimêre Skool**
**2026**

**Dr. Zander Oliver**
**VOORSITTER: Welgemoed Preprimêre Skool**
**2026**